

Woensdag 16 September

Skrifgedeelte: Ester 2:15-18

Fokusgedeelte: Johannes 17:16-18

Nie *van* die wêreld nie, maar *in* die wêreld

Selfs wanneer mens in 'n vreemde land leef, is dit waar: God is ook hier en Hy bestuur wat gebeur, al word Hy nie eksplisiet erken nie.

Ongemaklike verse hierdie, dit daag ons morele waardes op soveel vlakke uit: Die skoonheidskompetisie wat koning Ahasveros se amptenare reël, bereik die finale fase. Die laaste rondte behels 'n nag by die koning. Die wenner word die koningin.

Toe dit Ester se beurt is, gaan sy na die koning net soos sy is – sonder voorgee, sonder geskenke. Koning Ahasveros hou, van al die meisies, die meeste van haar. Sy wen. Ester word gekroon as die nuwe koningin.

Vir ons amper ondenkbaar, gebruik die Here hierdie vreemde gebeure om Ester in plek te kry sodat sy op die ou end in die perfekte posisie is om vir die Jode voorspraak te doen (kyk Ester 5). Onder 'n geloofsvyandige bewind, leef sy *in* die gebroke werklikheid. Hier wil die Here haar gebruik om middelaar – tipe van Christus – te wees. Al weet sy dit nog nie.

Jesus het selfs nog verder gegaan: Hy het doelgerig ons gebreekte wêreld betree. *In* die wêreld, sonder om *van* die wêreld te word. Sodat Hy ons Middelaar kan wees.

En oor hierdie *in* die wêreld wees, is Hy erg verwyd (Matt. 11:19): Kyk! Hy is 'n vraat en 'n wynsuiper! 'n Vriend van tollenaars en sondaars!

Ons is Jesus se volgelingen. Soos Jesus is ons gestuur, *in* ons gesekulariseerde wêreld *in*. Ons trek ons nie eenkant terug in 'n klooster nie. Ons leef *in* die gebreekte wêreld. Want hier – tussen die skerwe van sonde en haat en stukkend; sonder om self daarvan deel te word – *hier* is ons in plek om getuies van die Middelaar te wees (Fil. 2:15).

Ons doen dit omdat Jesus dit gedoen het. Ons doen dit omdat God ook in 'n vreemde wêreld werk.

Sing: Skrifberyming 2-4:1, 4

Ds. JP Fleischmann (Johan) (Kaapstad)